

# Naspeurbaarheid in graan en oliesade ál meer in die kollig

Naspeurbaarheid word 'n al hoe belangriker kwessie in die landbou. Verskeie haakplekke sal egter uitgestryk moet word voordat 'n paspoortstelsel vir graan en oliesade in Suid-Afrika ingestel kan word.

Die moontlikheid van 'n paspoortstelsel vir Suid-Afrikaanse graan en oliesade het in die kollig gekom op Agbiz Grain se waardekettingsimposium in September. 'n Paneel kundiges uit Amerika, Brittanje, Frankryk en Suid-Afrika het aan die sessie deelgeneem met Jannie de Villiers, voormalige uitvoerende hoof van die Nasionale Kamer van Meulenaars en Graan SA, as onafhanklike gespreksleier.

Die oogmerk van die simposium was om die toepaslikheid van 'n paspoortstelsel in die Suid-Afrikaanse vryemarkomgewing beter te verstaan.

Paul Adams, senior bestuurder van die groei en kommersialisering van die voorsieningsketting by PepsiCo, het daarop gewys dat 'n paspoortstelsel uit twee aspekte bestaan, naamlik voldoening aan wetgewing en naspeurbaarheid.

'n Paspoortstelsel vir Suid-Afrika sal vrywillig moet wees omdat dit nie nie wetlik afdwingbaar is nie. Soortgelyke kontraktuele stelsels bestaan egter reeds tussen produsente, opbergers en kopers, wat die koste en voordele daarvan deel.

'n Paspoortstelsel wat bestaan uit 'n stel paspoortdokumente wat vanaf produsente aan opbergers stroomop in die waardeketting deurgegee word, is moeilik regverdigbaar.

Inteendeel, om aan die vereistes van die Wet op Mededinging (Wet 89 van 1998) en naspeurbaarheid te voldoen, behoort die verwerker/koper sy paspoortvereiste aan die gekontrakteerde opberger, handelaar en produsente te verskaf om teen 'n premie as insentief die vereiste produk te lewer.

Die koper/verwerker bepaal wat die vereistes vir naspeurbaarheid ten opsigte van aanvaarbare mikotoksienvlakke en die minimum residuvlakke vir geregistreerde plaagdoders en berokingsmiddels moet wees en nie die produsent nie.

Die rigting wat naspeurbaarheid volg, is stroomaf vanaf die verwerker/verbruiker tot by die produsent in die waardeketting en nie stroomop nie.

Ondersteun die toepassing van 'n generiese paspoortstelsel die voortbestaan van die vrye mark?

Algehele naspeurbaarheid is nie moontlik in 'n vrye mark nie. Prof. Charles Hurburg van die Iowa-staatsuniversiteit het daarop gewys dat die waarskynlikheid om presies te bepaal watter produsent verantwoordelik is vir 'n produk se onttrekking vanaf 'n rak ten beste 70% is. Dit is in elk geval nie goed genoeg om bo alle twyfel af te lei dat die produsent se produk die oorsaak van die probleem was nie. In Amerika word die produsent en opberger vrygestel van die vereiste van naspeurbaarheid.

Die medingingskommissie se riglyne vir kopersmag verbied die uitbuiting van verskaffers met 'n omset gelykstaande aan of kleiner as R35 miljoen. Ingevolge wetgewing mag kleiner verskaffers nie marktoegang geweier word as hulle nie paspoortdokumente het om in te dien nie. Die Wet op Mededinging laat egter toe dat kopers en verwerkers 'n premie aan verskaffers betaal wat aan die vereistes van kopers of verwerkers se produkte voldoen.

Die kommissie se riglyne vir kopersmag ondersteun die vrye mark. Dit verhinder dat bedrywe 'n stap terug gee nader aan beheerde bemarking en 'n stap verder weg van die vrye mark soos dit in Frankryk die geval is. Staatsubsidies is nie in Suid-Afrika 'n werklikheid soos in Frankryk nie.

Volgens David Meder, direkteur van EMC2, 'n koöperasie in Frankryk, is die land een van die lande met die beste naspeurbaarheidstelsels vir graan. Produsente in Frankryk mag egter nie self hul produk verkoop nie, maar moet by 'n koöperasie geregistreer wees wat sy produk namens hom verkoop. Produsente registreer om vir subsidies in aanmerking te kom.

Die Franse regering subsidieer naspeurbaarheid in die Franse graanwaardeketting om aan die minimum vereistes van toepaslike wetgewing te voldoen. As 'n koper strenger vereistes as die minimum wetlike standaarde stel, moet die betrokke partye ooreenkomste aangaan en insentiewe moet aangebied word om belangstellendes aan te spoor om die hoër-gehalte produkte te verskaf.

Produsente in Suid-Afrika is ten gunste daarvan dat die vrye mark in Suid-Afrika soos in Amerika volhoubaar gehou word. Met die willekeurige toedeling van voorraad op silosertifikate is naspeurbaarheid ook nie op voorraad op JSE-sertifikate moontlik nie.

As die onderskeie sektore druk uitoefen om 'n paspoortstelsel in te stel en dit as wet wil laat proklameer, moet almal aan dieselfde vereistes voldoen. Dit sal alle produsente noodsaak om hul dokumentasie reg te kry.

Dit sal egter slegte nuus wees vir ons vryemarkstelsel. Die koste vir die bedrywe sal dan in die waardeketting bygevoeg word as 'n bykomende koste vir administrasie en vereistes. Ter wille van die vrye mark behoort 'n enkele, inklusiewe, generiese paspoortstelsel sonder differensiasie op nasionale vlak nie ondersteun te word nie.

Intussen word markdeelnemers in die graanwaardeketting aangemoedig om op 'n individuele, vertikale grondslag in die graanwaardeketting onderling te onderhandel om die voordele en koste binne die Wet op Mededinging se riglyne met voldoende insentiewe te laat realiseer. **LBW**

*Wessel Lemmer is die hoofbestuurder van Agbiz Grain.*